# HERNOEMING VAN DIE RW WILCOCKS-GEBOU

# RIGLYNE VIR NOMINASIES EN HERNOEMINGSPROSES

**Nominasies en hernoemingsproses:**

- ‘n Oproep om nominasies, insluitend riglyne en ‘n nominasievorm, sal vanuit die Registrateurskantoor gestuur word.
- Alle nominasies sal by die Komitee vir die Vernoeming en Hernoeming van Geboue, Lokale en ander Fasiliteite/Persele (Naamgewingskomitee) ingedien word.
- Die Naamgewingskomitee sal alle voorstelle oorweeg en 'n kortlys aan die Rektoraat voorlê vir oorweging.
- Die Rektoraat sal die voorgestelde naam by die Uitvoerende Komitee van die Raad aanbeveel vir goedkeuring.

**Tydlyn vir nominasies:**

- Nominasies sal vir 30 dae oop wees na die eerste uitnodiging.

**Wie mag nominasies indien:**

- Geregistreerde US-studente,
- Alle permanente of voltydse US-personeellede,
- Verteenwoordigende lede van gemeenskapstrukture[3] op die IF van die US.

Die Naamgewingskomitee kan, na goeddunke van die lede en indien nodig, die nominasieproses verleng en bykomende inligting rakende nominasies versoek.

---

- [3] *Stellenbosch Co-management Forum* (insluitend Die Vlakte Stellenbosch Forum),
- Stellenbosch Munisipaliteit,
- *WCED* (Stellenbosch),
- Raad vir Kerksamewerking op Stellenbosch (*CCCS*),
- Stellenbosch se Burgerlike Voorspraaknetwerk (*SCAN*),
- Stellenbosse Belastingbetalers.

**Oorweeg asb die volgende wanneer 'n nominasie ingedien word:**

- Die Universiteit se verbintenis tot die ideaal van 'n inklusiewe wêreldklas-universiteit in en vir Afrika;[4]
- Die Universiteit se verbintenis tot die aanvaarding van nuwe visuele simbole wat voorsiening maak vir die insluiting van 'n verskeidenheid uitdrukkings, stories, identiteite en geskiedenis[5];
- Die onderskeidende karakter van die Universiteit as instelling vir hoër onderwys;
- Die Universiteit se verbintenis tot die bevordering van akademiese integriteit, akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, etiese gedrag, billikheid, en deursigtigheid;[6] en
- Die potensiaal vir die proses om onderrig en leer te verryk, en as 'n gemeenskapswye leerervaring te dien.

[4] Eeufeesverklaring van die Universiteit Stellenbosch, 2018.
[5] Beleid oor Visuele Regstelling van die Universiteit Stellenbosch (konsep), 2020.
[6] Inleiding tot die US-Statuut, 16 Augustus 2019.